D. GEBRUIKSVOORWAARDES, REËLS EN STRAFMAATREËLS – IKT HULPBRONNE

---

1. IKT-Komitteelede

1.1 IKTK-lede is die enigste persone wat sagteware op die skool se netwerke en individuele rekenaars mag laai.

1.2 Slegs IKTK-lede is sleutelhouers vir die rekenaarlokale.

1.3 Die rekenaarsentrum se alarmkode is slegs aan IKTK-lede bekend en mag onder geen omstandighede aan ander personeellede, leerders of diensverskaffers gegee word nie. Die kode mag ook nêrens neergeskryf word nie.

2. Personeellede

2.1 Personeellede mag onder geen omstandighede hul wagwoord vir netwerktoegang aan iemand anders bekend maak nie.

2.2 'n Personeellid mag nie as 'n ander personeellid inteken *(log in)* op die netwerke nie.

2.3 Personeellede moet uitteken *(log out)* van 'n netwerk sodra hulle 'n werkstasie verlaat. Versuim om dit te doen stel die opvoeder se data asook algemene personeel data toeganklik vir enige ander persoon.

3. Leerders

3.1 Algemene gedrag

- leerders mag nie eetgoed of drinkgoed in 'n rekenaarlokaal inbring nie en mag nie eet of drink in die rekenaar lokale nie
- leerders mag nie hardloop of speel in die rekenaarsentrum nie
- die algemene atmosfeer in die rekenaarloke moet te alle tye gedemp wees en bedag om ander wat besig is met werk

3.2 Toegang en gebruik

- leerders mag slegs met hul eie gebruiksnaam en wagwoord inteken op die netwerk en mag onder geen omstandighede hul wagwoord aan iemand anders bekend maak nie (gebruikers word verantwoordelik gehou vir wat deur middel van hul gebruikersnaam op die netwerk gedoen word)
- leerders moet uitteken *(log out)* van 'n netwerk sodra hulle 'n werkstasie verlaat; versuim om dit te doen stel die leerder se data toeganklik vir enige ander persoon
- gedurende skooltyd mag individuele leerders nie die rekenaarslokale gebruik terwyl 'n ander klas besig is nie, selfs al is daar rekenaars onbeset
- leerders moet al hul data in die gebruiker se tuisgids (H: aandrywer) stoor en geen data moet op die lokale hardeskyf (C: aandrywer) of op die werkskerm *(desktop)* gestoor word nie
- leerders moet hul werkstasie netjies en skoon agterlaat na gebruik;
- die opvoederrekenaar en –werkstasie mag onder geen omstandighede sonder toestemming deur leerders gebruik word nie;
- geen samedromming rondom 'n rekenaar word toegelaat nie;
- alle gebruikers moet die rekenaarfasiliteite met die nodige sorg en verantwoordelikheid gebruik;
- daar word soms in die middae klas gegee in die rekenaarsentrum; indien daar 'n rekenaar beskikbaar is, mag gebruikers (na skool) instap en stil voortgaan sonder om die klas te steur.

3.3 Drukwerk

- elke rekenaarlokaal is toegerus met ‘n monokleur laserdrukker vir akademiese gebruik (drukwerk wat vereis word vir ‘n spesifieke leerarea);
- nie-akademiese drukwerk mag slegs met die toestemming van die opvoeder aan diens gedoen word en ‘n heffingsfooi per bladsy is betaalbaar;
- ‘n kleur inkspuitdrukker *(ink-jet printer)* en kleur laserdrukker is ook beskikbaar vir beperkte gebruik teen ‘n vasgestelde fooi;
- leerders moet bedag daarop wees om nie onnodige drukwerk te doen of papier te mors nie; en

3.4 Internet

- alle leerders het gratis toegang tot alle Internet-materiaal wat nie as ontoeganklik deur die IKTK geregistreer is nie;
- soos alle ander IKT-fasiliteite by die skool, is die Internet uitsluitlik vir skool gebruik (kurrikulum, sport en kultuur); geen ander Internetmateriaal mag besoek word nie;
- geen sagteware met kopiereg mag aflaai en/of kopiëring word nie;
- waar inligting van die Internet onttrek word moet die bron aangedui word; waar leerders plagiaat pleeg sal opvoeders leerders penaliseer; en
- massa-aflaai van irrelevante foto’s en prente sal as ‘n oortreding van die *Aanvaarbare Gebruikkode* beskou word aangesien dit beide die internet bandwydte en bediener se dataruimte kniehalter.

3.5 E-pos

- geen e-pos mag op papier uitgedruk word nie;
- e-pos mag slegs met die toestemming van die opvoeder in akademiese periodes gebruik word; die lees of stuur van e-posse sonder toestemming gedurende akademiese periodes sal lei tot die sluiting van die posbus; en
- e-pos mag nie misbruik word nie; wangebruike sluit in:
    - die stuur van haatpos, gemorspos, naamlose pos, vuil taal**,** speletjies**,** pornografie (ingesluit pornografie wat as “kuns” bestempel word);
    - om ‘n ander persoon te terroriseer of te bombardeer *(mail bomb);* en
    - aanstuur van kettingbriewe en hoax’e.
    - daar word van e-pos gebruikers verwag om die nie-amptelike gedragskodes vir e-pos te gehoorsaam; dit sluit onder andere die volgende in:
    - wees beleefd en let op taalgebruik;
    - moenie hoofletters gebruik nie, dit beteken dat jy skree; en
    - moenie adresse, telefoonnommers en ander persoonlike inligting in e-posse bekend maak nie.

3.6 Musiek

- geen musiek mag op die rekenaarsentrum se rekenaars gelaai word of geluister word nie, behalwe waar dit ‘n kurrikulumvereiste is nie; en
- geen musiek mag van die Internet afgelaai word nie

3.7 Speletjies

- geen speletjies van enige aard (insluitende Windows-speltjies soos *Solitaire*) mag op die rekenaarsentrum se rekenaars gelaai word of gespeel word nie; en

- geen speletjies mag van die Internet afgelaai word nie

3.7 Misbruik

Die rekenaarfasiliteite mag op geen manier misbruik word nie. Misbruike sluit in:

- Aktiwiteite wat lei of moontlik kon lei tot die wanfunksionering van die reknaarnetwerk of enige komponent daarvan, of die beskadiging van toerusting, sagteware en die netwerksisteem.
- Onwettige toegang, of poging om toegang te verkry, tot konfidensiële rekords en data op die netwerk, tuisaandrywers (C: aandrywers) en die bediener.
- Die versending of huisvesting van pornografiese tekste, -foto's of -grafika, asook materiaal wat rassisties, seksisties of polities aanstoot kan gee.
- Die versending of huisvesting van enige materiaal wat beledigend of ongevoelig jeens enige geloof is.
- Die skep of installering van, of eksperimentering met 'n rekenaarvirus.
- Die installering of kopiëring van enige sagteware (insluitende: IRC, Chat en speletjies) op enige rekenaar en die gebruik van enige sagteware wat onwettig geinstalleer is.
- Die verandering van die konfigurasie van 'n rekenaar of die netwerksisteem.
- Enige skade wat opsetlik aan die apparatuur of programmatuur aangebring word.
- Ongemagtigde verwydering, verskuiwing of uit prop van hardeware (drukkers, muise, netwerkkabels, sleutelborde, skandeerders, ens.)
- Enige vorm van teistering (ingesluitende netwerkboodskappe).
- Die verwydering van enige boeke, lêers, CD's of enige ander toerusting of bronne wat in die rekenaarsentrum gehuisves word.

3.8 Aanspreeklikheid en straf maatreëls

3.8.1 Leerders se privaatheid word respekteer. Die IKT-komittee het egter toegang tot alle data, e-pos asook alle internet statistiek en sal van tyd tot tyd aktiwiteite en data monitor. Verbode aktiwiteite kan dus nagespeur en aangemeld word.

3.8.2 Minagting of verbreking van die skool se IKT-beleid, gebruikkode of reëls kan daartoe lei dat 'n gebruiker se toegang tot die rekenaarfasiliteite tydelik of permanent opgeskort word. Hierdie reëling geld, ongeag of die gebruiker enige vorm van akademiese verpligting het om die fasiliteite te gebruik of die vak Rekenaar Toepassings Tegnologie (RTT) volg. Die IKTK behou dus die reg om gebruikers van die netwerk af te skors.

3.8.3 Dit is elke gebruiker se plig om rekenaarmisbruikers by die IKTK aan te meld. Dit kan gedoen word deur 'n e-pos boodskap aan een van die IKTK-lede te stuur. Sulke boodskappe moet die volgende inligting bevat:

- die nommer van die wekstasie (staan op die rekenaarkas) waarby die gebruiker gesit het;
- die datum en tyd wat die gebruiker ingeteken was;
- wat die oortreding was; en
- indien moontlik, wie die gebruiker was.

3.8.4 Leerders wat Graad 3- of Graad 4-oortredings begaan kan verwag dat hulle bo-en-behalwe die strawwe soos in 4.5 uiteengesit, ook onder die skool se algemene skoolreëls aanspreeklik gehou sal word.

3.8.5 Die tabel hieronder toon die skorsingperiodes wat vir die mees algemene oortredings geld. Die IKTK behou die reg voor om oortredings wat nie op die tabel gelys is nie na goeie oordeel volgens

hierdie riglyne by die tabel te voeg. Die IKT-strafregister moet ingevul word wanneer ‘n leerder se diens opgeskort word.

Strafmaatreëls: oortreding van gebruiksvoorwaardes en reëls		
Oortreding	**Diensopskorting**	**Skorsingstydperk in skoolweke 1ste, 2de, 3de oortredings**
Graad 1-oortredings		
Mail bombing	E-Pos	2 weke; 4 weke; 8 weke
Netwerkboodskappe	Toegang	2 weke; 4 weke; 8 weke
Algemene wangedrag	Toegang	2 weke; 4 weke; 8 weke
Herhaalde onnodige drukwerk	Toegang	2 weke; 4 weke; 8 weke
Massa aflaai van irrelevante materiaal van Internet	Toegang	2 weke; 4 weke; 8 weke
Lees/stuur van eposse in klastyd sonder toestemming	Toegang	2 weke; 4 weke; 8 weke
Epos misbruik (3.5)	Toegang	2 weke; 4 weke; 8 weke
Musiek luister, laai of aflaai	Toegang	2 weke; 4 weke; 8 weke
Graad 2-oortredings		
Speletjies (besit / speel)	Toegang	4 weke; 8 weke;12 weke
Wagwoord uitleen	Toegang	4 weke; 8 weke;12 weke
Graad 3-oortredings		
Onwelvoeglike materiaal	Toegang	6 weke; 12 weke; permanent
Misbruik van toerusting	Toegang	6 weke; 12 weke; permanent
Graad 4-oortredings		
Sabotasie van stelsel	Toegang	Permanent

4. Veranderings aan beleid, gebruiksvoorwaardes en reëls

- Die IKT-beleid, gebruiksvoorwaardes en reëls sal aangepas word soos nodig;
- die nuutste weergawe van hierdie dokumente sal altyd op die skool se Intranet webblad beskikbaar wees en ‘n gedrukte kopie word in elk van die rekenaarlokale gehou;
- indien daar wel veranderinge aangebring word, sal daar vir ’n periode van minstens een siklus ’n duidelike kennisgewing op die rekenaarsentrum se kennisgewingbord geplaas word.

5. Vrywarings

- die infrastruktuur is so ontwerp en opgestel dat gebruikers se data privaat bly en beskerm word teen verlies, maar die IKT-komitee of skoolbestuur kan geen verantwoordelikheid aanvaar vir data-verlies nie;
- ‘n gesofistikeerde sekuriteitspakket is op die netwerk geinstalleer, maar die skool, beheerliggaam en personeel kan nie verantwoordelik gehou word vir onwelvoeglike materiaal wat deur gebruikers besigtig word nie; waar sodanige wangedrag aan die lig kom sal daar wel teen sulke gebruikers opgetree word.